UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

| | |
|---|---|
| **FACULTY** | **FACULTY OF EDUCATION AND HUMAN SCIENCES** |
| **SCHOOL** | **SCHOOL OF EDUCATION** |
| **DEPARTMENT** | **DEPARTMENT OF INTERMEDIATE AND VOCATIONAL EDUCATION** |
| **MODULE** | **AFRIKAANS – FONOLOGIE, LUISTER- EN PRAATVAARDIGHEDE** |
| **MODULE CODE** | **E3621IF** |
| **DATE** | **JUNE 2026** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **DURATION** | **3 HOURS** | **MARKS** | **100** |

## SECOND OPPORTUNITY EXAM PAPER

**Examiner:** Mrs. I. Heyman van Wyk
**Moderator:** Dr. L. van der Merwe

**INSTRUCTIONS**

**This paper consists of 6 pages, including the cover page.**

1. **Answer all the questions.**
2. **Number as in the question paper.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Follow instructions to earn the allocated marks.**

# UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

## Vraag 1

**1.1** Beantwoord die onderstaande vrae deur SLEGS die LETTER van die korrekte opsie op die ANTWOORDBLAD neer te skryf.

**1.1.1** Dié vetgedrukte klank bestaan NIE uit klinkers NIE.

A **Oo**mpie

B Matj**ie**

C **A**rmpie

D P**y**pie **(1)**

**1.1.2** Watter onderstreepte klank is NIE 'n diftong NIE?

A l<u>eeu</u>

B d<u>eu</u>r

C s<u>y</u>

D w<u>aai</u> **(1)**

**1.1.3** Hiérdie woord kan ontrond word.

A suur

B middag

C bederf

D vol **(1)**

**1.1.4** Kies die korrek spelling.

A aggressie

B agressie

C agresie

D aggresie

**1.1.5** Die betekenis van OUTENTIEK is ...

A sterk.

B oorspronklik.

C buitengewoon.

D onnodig. **(1)**

**1.1.6** Die korrekte lettergreepverdeling van akkurate is:

A a-ku-ra-te

B ak-u-ra-te

C ak-ku-ra-te

D aku-ra-te **(1)**

**(6)**

**1.2 Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.**

Storie: Is ons altyd dankbaar genoeg?

1 Terwyl ek na die kaai stap, kan ek al sien hoe ek die vars vis wat ek by die vissermanne gaan koop, vanaand op die kole gaan gooi. Wat is dan nou lekkerder as 'n vars, gebraaide vis uit die see? Dit bly maar lekker.

2 By die kaai aangekom, gaan sit ek op 'n lendelam houtkrat en wag dat die vissermanne hul verskyning maak. Omtrent 'n halfuur later daag die eerste vissersboot op. Ek staan op en stap in die rigting van die vissersbootjie. Die visserman - met geen voortande nie - klim uit sy skuitjie en kom na my toe.

3 "Snoek vars uit die see. Die sout kleef nog aan hom vas. Soek my meneer hom nie dalk op die kole nie? Hy's net reg vir die kole."

4 Hy draai die snoek in koerantpapier toe. Hy oorhandig dit aan my. Ek haal 'n N$100-noot uit en gee dit vir hom. Hy is dankbaar.

5 Terwyl ek huis toe loop, besef ek hoe bevoorreg ek werklik is. Terwyl ek elke maand 'n stewige salaris ontvang, moet hierdie visserman maar hoop dat hy genoeg vis kan verkoop nét om kos op die tafel te kan sit. Ek het nou wel nie geld soos bossies nie, maar ten minste kan ek nog my gesin met vakansie neem en ons hoef nooit honger te gaan slaap nie.

**1.2.1** Verduidelik die verskil in uitspraak tussen 'n vokaal en 'n konsonant en gee 'n voorbeeld van elk uit die storie. **(4)**

**1.2.2** Verduidelik kortliks waarom die gebruik van vokale nodig is om volledige woorde te skep. **(4)**

**1.2.3** Identifiseer twee diftonge wat in par. 5 van die teksgedeelte voorkom. Skryf die woorde neer en onderstreep die geïdentifiseerde diftonge. **(2)**

**1.2.4** Hoe sal jy aan jou gr. 4 klas verduidelik wat diftonge is? Maak in jou verduideliking melding hoe diftonge gevorm word. **(4)**

**1.2.5** Voorsien die volgende sin van hoofletters en leestekens waar nodig.

My vrou patricia sê altyd vir my jy moet dankbaar vir jou werk wees. **(3)**

**1.2.6** Onder uitspraakslordighede sorteer ontronding, oorronding en oormatige assimilasie. Bespreek hierdie verskynsels met behulp van voorbeelde uit die teks. **(6)**

**1.2.7** Gee die meervouds- en verkleiningsvorm van "see" (par. 1). **(1)**

**1.2.8** Waarom word die volgende woorde in die teks nie met 'n afkappingsteken in die meervoudsvorm geskryf nie?

**(a)** kaaie

**(b)** vakansies **(2)**

**1.3** Voltooi die volgende deeltekenreël.

Die deelteken word gebruik wanneer daar twee of meer (a)..... ...... voorkom wat tot verskillende (b) ..... behoort, maar (c)..... uitgespreek kan word. **(3)**

**[35]**

**Vraag 2**

**2.1** Wat beteken die begrip **verbale kommunikasie**? Sluit 2 voorbeelde by jou verduideliking in. **(4)**

**2.2** Aktiewe luistervaardighede stel leerders in staat om met aandag en doelgerigtheid na ander te luister. Bespreek vier (4) faktore wat die ontwikkeling en toepassing van aktiewe luistervaardighede by leerders kan verhinder. **(4)**

**2.3** Gebruik die aangehegte teks, *Boer besef dat hy van die weer afhanklik is*, vir 'n luisterles vir tweedetaalleerders.

**2.3.1** Bespreek die geskiktheid van die teks vir 'n spesifieke graad in die senior primêre fase. **(4)**

**2.3.2** Bespreek hoe jy die leerders sal lei tot die ontdekking van die teks deur middel van 'n interessante wek-en-rig-aktiwiteit. **(5)**

**2.3.3** Stel vrae op wat leerders se luistervaardigheid toets.

**(i)** vyfpunt waar- en onwaarvrae

**(ii)** 'n vyfpunt cloze-toets

Vrae moet die teks volg.

Voorsien ook die memorandum. **(10)**

**2.3.4** Formuleer die volgende vrae wat jy na die luistertoets aan leerders kan vra:

**(i)** 'n begripsvraag

**(ii)** 'n toepassingsvraag

**(iii)** 'n analise vraag **(3)**

**[35]**

**Vraag 3**

**3.1** Skryf 'n paragraaf oor die aanbieding van elk van die volgende praataktiwiteite.

**(a)** debat

**(b)** rolspel

**(c)** paneelbespreking

**(d)** toespraak

**(e)** onderhoud

**(3x5=15)**

**3.2** Watter faktore moet die onderwyser oorweeg wanneer hy/sy 'n mondelinge aktiwiteit vir die leerders beplan? **(5)**

**3.3** Verduidelik kortliks wat jy onder die volgende aspekte verstaan.

**3.3.1** die temagerigte onderrig by die aanbieding van 'n praatles. **(2)**

**3.3.2** interkurrikulêre kwessies **(2)**

**3.4** Beskryf die assesseringskriteria wat jy moet gebruik om leerders se mondelinge vaardighede te assesseer. **(6)**

**[30]**

**[Totaal: 100]**

**Luisterteks**

**Boer besef dat hy van die weer afhanklik is**

1 Boer het die afgelope vier jaar goeie oeste gehad, aangesien dit mildelik op sy plaas gereën het. Hy het elke jaar 'n paar ton mielies na die graansuiers aangery. Ongelukkig het dit tot gevolg gehad dat hy hoogmoedig geword het. Hy het op die boere wat swaartrek, begin neersien. Volgens hom het geld mag. Hy kon koop net wat sy hart begeer. Hy het ook nie een oomblik daaraan gedink om van sy geld vir liefdadigheid te skenk nie. Hy het ook gedink dat die weer nooit teen hom sou draai nie. Gevolglik het Persius, die god van weer, besluit om vir hom 'n les te leer.

2 Persius het Hebron, die god van wind, Pula, die god van Reën, en ook die songod genader. Hy het hulle van Boer se hoogmoed vertel. Hy het hulle ook meegedeel dat Boer reken dat die weer nooit teen hom sal draai nie. Saam het hulle besluit om vir Boer 'n les te leer.

3 Die volgende jaar, met die aanbreek van die reënseisoen, het die weer mooi opgesteek. Donker wolke het dik saamgepak. Dit het gelyk of dit enige oomblik sou begin reën. Boer het in sy bakkie geklim en na sy landerye gery. Terwyl hy in sy bakkie by die landerye sit, sien hy al hoe die geld inrol. Die volgende oomblik het daar 'n hewige wind opgekom. Boer sien hoe die wolke begin wegdryf. Binne enkele oomblikke het die son sy verskyning gemaak. Die son het al warmer en warmer begin skyn.

4 Vir die volgende agt maande was daar nie weer 'n enkele wolk in die lug te sien nie. Die son het sonder genade al warmer en warmer geskyn. Gevolglik het die grond al droër en droër geword. Die mielies se koppe het begin hang.

5 Vir drie agtereenvolgende jare het dit niks gereën nie. Gevolglik het hy vir drie agtereenvolgende jare geen oeste gehad nie. Vir die eerste keer het Boer besef dat hy van die weer afhanklik was. Hy het ook tot die besef gekom dat hy geen rede gehad het om so hoogmoedig te wees nie. Dis as gevolg van goeie reëns dat hy goeie oeste en 'n stewige bankbalans kon hê.